GEMEENTEBRIEF
SOMERSTRAND

Uitgawe 1
Maart 2009

LEES BINNE

Sinergie in die Jeugbediening	2
Paasweek	3
Immergroen Ouerskap	4
Lidia Bybelstudiegroep	4
Arbeidsbediening	5
Vroegoggend-seën & Foto's	6 & 7
Seminaar oor die versorging van sendelinge	8
Bosstories	9
Spiritual Disciplines Handbook	9
Verniet om te vat... in oormaat	10
Dissipelskap	11
Die Gawe van gebed	12

SINERGIE IN DIE JEUGBEDIENING

Ian van Niekerk het vroeër vanjaar by Christian Gerhard oorgeneem as die Bedieningsbestuurder van jeug. Hy en sy span is tans in die proses om die onderskeie bedienings aan die jeug te "brand", om sodoende aan elkeen 'n unieke, prettige identiteit te gee.

So is daar die voorskoolse *Vissies*. 'n Groep ouers beplan weekliks saam met die leraars aan daardie Sondag se erediens en dra dan die boodskap op 'n gepaste wyse aan die kindertjies oor. Daar is ook 'n groepie tieners en onderwysstudente betrokke by die "voorsang" van hierdie groepie.

Wat die graad 1-3 *Sonstraaltjies* aanbetref, is daar tans die weeklikse kategese. Maar moenie wegkyk nie... WATCH THIS SPACE!

Die Graad 4-7 *Shine* groep gaan voort met die toepassings tydens Sondae se eredienste. Hier het nou ook 'n groep studente bygekom wat help met lekker funky Praise & Worship. Daar word groot pret beplan vir Vrydag-middae se byeenkomste, van 'n movie maraton tot waatlemoenfees, Wii game aande, chill en kuier en nog baie meer. Natuurlik moet die weeklikse kategese ook nie buite rekening gelaat word nie!

Die groot verandering waaroor ons baie opgewonde is, is die nuwe Tiener-bediening vir Graad 8 tot matriek: *Synergy*. Hierdie bediening, wat deur 'n groep studente gelei word, skop op 29 Maart 2009 af. Daarna sal daar een maal 'n kwartaal 'n event wees. Hierdie kwartaal se event: UFO Braai 2 April 2009 19h00 by die Ark. Bring jou eie vleisie, ons voorsien die res. Daarna kan die tieners nog op die uitkyk wees vir 'n Rock aand, moontlik 'n sel/kuiergroep, ens.

> N. Syn.er.gy (sin-er-jee)
> "Nuwe tiener bediening.
> Interaksie met ander tieners,
> God en die Wêreld"

Die tieners se kategese het ook vanjaar 'n groot skuif beleef. Die tradisionele kategese is afgeskaf en al die tieners skakel nou in by die tiener dissipelskap. Elke groepie tieners, o.l.v. 'n volwasse fasiliteerder, gaan oor die volgende drie jaar Deon Loots se dissipelskap-program vir tieners volg.

Natuurlik wil ons nie graag dat enigiemand uitmis op hierdie heerlike nuwe ontwikkelinge nie. So, hoe nou gemaak as jy nie meer voorskools, laerskool of hoërskool is nie? Wel, die jeugbediening benodig 'n ondersteuningspan en koördineerder. Mense wat kan reël vir koekies, waatlemoene, fondsinsameling, Pinkster, ens. Kontak asb. vir Ian van Niekerk by 074 148 5661.

Hou intussen die oë oop vir allerhande verrassings!

Ian van Niekerk

PAASWEEK 2009

Somerstrand en Klema het oor die afgelope klompie jare die gebruik ontwikkel om tydens Heilige Week (die week net voor Paasnaweek) `n uitstalling voor te berei wat die laaste oomblikke van Jesus op aarde uitbeeld. Dit gee aan die besoekers die geleentheid om in stilte die laaste ure van Jesus se lewe te oordink.

Verlede jaar het hierdie uitstallings besondere aftrek gekry. Ons het van die selgroepe gevra om verskillende gebeure vanuit Jesus se laaste ure op aarde uit te beeld. Die selgroepe het werklik voortreflike werk gedoen. Elke besoeker het ook `n reisgids gekry waarin daar meditasies geskryf is vir elke stilwordplekkie. Op die manier kon die besoeker sy of haar eie lewe in die lig van die Paasgebeure in oënskou neem.

Ons het dan ook heelwat besoekers vanuit ander gemeentes ontvang. Alle besoekers het getuig dat dit vir hulle `n diep geeselike ervaring was om Jesus se laaste oomblikke op die manier te oordink. Die terugvoer wat ons verlede jaar gekry het, het ons laat besluit om dit hierdie jaar weer te doen en dan ook nog wyer te adverteer. Ons wil graag die uitstalling ook onder vakansiegangers, wat hier is vir die Paasvakansie, adverteer. Op die manier kan hulle ook deel kry aan dit waaroor Paasfees werklik gaan, al is hulle met vakansie.

Ons het dus vanjaar verskeie van ons kunstenaars gevra om vir elke stilwordplekkie `n skildery te skilder wat iets van Jesus se lyding uitbeeld. Hierdie skilderye se afdrukke sal dan in die reisgids met meditasies gebruik word. Die selgroepe sal weer gevra word om die verskillende stilword plekke op te maak, maar hulle werk dan rondom die skildery as fokuspunt. Hierdie skilderye sal ook na afloop van die Paasweek te koop wees (indien die kunstenaars dit wil verkoop).

Ons gedagte is dat Somerstrand ook bekend sal word as `n gemeente waar vakansiegangers iets van die gees van Paasfees kan kom beleef. `n Plek waar hulle tydens hierdie geweldig belangrike gebeure van ons kerklike jaar, ook self `n diep geestelike ervaring kan hê. Bid dus asseblief saam met ons dat hierdie jaar se Paasuitstallings weereens `n boodskap sal uitdra en baie mense op die manier bereik sal word met die hart van die evangelie.

Deon Loots

IMMERGROEN OUERSKAP

Immergroen Ouerskap se visie is dat ouers se harte met vreugde na hulle kinders toe gedraai sal word; en kinders s'n met gehoorsaamheid na hulle ouers toe. Om dit moontlik te maak, bemagtig hulle met behulp van boeke, die internet en kursusse ouers en opvoeders met raad, hulpmiddels en opleiding. Ons gemeente sal so vroeg as volgende kwartaal reeds hierdie kursus wat oor 7 weke strek, op Woensdagaande by die kerk aanbied.

Lynette van Wyk het sopas die voorreg gehad om as fasiliteerder van Immergroen Ouerskap opgelei te word. Ons hoop om deur middel van hierdie verfrissende nuwe, Bybelse perspektief op ouerskap ons eie ouers beter te kan toerus om enersyds hulle kinders se temperamente te kan identifiseer en andersyds gereedskap te vind waarmee hulle die uitdaging van ouerskap dag tot dag op 'n positiewe manier kan aanpak. Kom vind gerus uit of jou kind 'n palm-, roos-, sier- of denneboom is en of jy met 'n saag-, snoeiskêr-, gieter- of handskoene in jou tuin van ouerskap doenig is.

Besoek intussen gerus hulle webwerf: www.immergroenouerskap.co.za. Hettie Brittz se twee boeke, nl. *Kweek kinders met karakter*, en *Kweek gesonde gesag*, is ook sterk aan te beveel. Beide boeke is beskikbaar by Christelike boekwinkels of kan direk van die internet af bestel word. Eersgenoemde boek is ook reeds in Engels vertaal.

Persone wat belang stel om die kursus by te woon, kan gerus met Lynette skakel op 0837933320 - verkieslik saans na 18:00.
Lynette van Wyk

LIDIA BYBELSTUDIEGROEP

Ons is die susters van die "Lidia" Bybelstudiegroep - waar ons God aanbid en Hom loof en prys met sang en ook meer uit Sy woord leer.

Ons dra jaarliks mildelik by vir Bybelverspreiding, gee vir Kersfees geskenkies en tee vir Kwazakhele Moskou-groep se ongeveer 20 dames, help koekies bak vir die bejaardes en gee donasies vir die Brinks en nog vele meer.

ARBEIDSBEDIENING

Arbeidsbediening (Fabrieksending) se missie is om met passie die Evangelie van Jesus Christus aan fabriekswerkers in hulle werksplekke te verkondig om hulle Sy dissipels te maak.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat dit goed gaan in die fabrieke waar ons werk. Daar word elke week tydens etenstyd 'n boodskappie aan die werkers gebring. Baie Bybels en lektuur word aan die mense teen afslag verskaf en hulle is absoluut honger vir enige Christelike leesstof. Daar is 'n behoefte aan Brood op die Water, Radiokansel-boodskappies asook Jerigo Mure. Iemand wat 'n kosbare e-pos kry met 'n mooi boodskappie of 'n storie is welkom om dit by die Kerkkantoor of vir Ansie te laat kry sodat afskrifte daarvan gemaak en uitgedeel kan word. Dit kan Afrikaans, Engels of Xhosa wees.

Ons medewerkers is nie meer so jonk nie en daar gaan al meer deure vir ons bediening oop. "Mr Clean" wat verantwoordelik is vir die skoonmaak van Checkers, Shoprite en Clicks het ons ook genader om hulle werkers te bedien. Tans is ons besig by Greenacres en Medlife, maar ander plekke moet ook bedien word. Ons kan net nie almal bedien nie, omdat ons nie genoeg werkers het nie. Ons vertrou egter die Vader wat nie die werke van Sy hande sal laat vaar nie.

Baie dankie aan die gemeente wat elke maand bydra tot ons uitgawes. Bowenal het ons u gebede vir meer medewerkers nodig. Bid ook vir iemand wat bereid sal wees om by my as koördineerder oor te neem en vir die nodige finansies. Ons is egter baie dankbaar vir PE-Oos gemeente wat 'n gratis kantoor verskaf.

Ek sluit graag af met twee aanhalings wat vir my baie kosbaar is en my die moed en krag gee om aan te hou:

"God give me work
Till my life shall end-
And life - till my work is done"

"Judge each day not by the harvest, but by the seeds you plant"

Ansie Delport
Koördineerder van Arbeidsbediening in die Oos-Kaap (tel. 5832853)

VROEGOGGEND-SEËN

Ek het hierdie foto op 10 Nov. 08 om 4.45vm geneem, vanuit my vriend Tinus van Zijl se huis op Skuitbaai, langsaan Eersterivier en Oubos-strand.

Die spesifieke oggend was dit of iets my wakker maak, want dié tyd slaap ek gewoonlik baie vas! Inteendeel, ek het in 1977 laas die son sien opkom! Die skuifdeure was oop, asook die louvers. Die see direk onder my (want die huis is op die rotse gebou) was so stil dat ek net die voëltjies gehoor sing het!

Nadat ek opgestaan het, het ek my kamera gegryp en seker 30 foto's in die volgende 30min. geneem. Dit was so asemrowend mooi. Daarna het ek rustig en salig aan die slaap geraak, asof daar soveel verwagtinge in die dag gaan wees. Eers toe ek later Bybelstudie gedoen het, het ek besef wie my wakker gemaak het! 'n Mens kan die prag van die spesifieke oggend eintlik nie oordra of beskryf nie. (Die Weekend Post het onlangs die foto geplaas.)

Ek deel dit van 2008 met julle in 2009. Mag julle almal ook die ervaring in 2009 beleef.

Jannie du Preez.



KERSFEES -GENEEM DEUR LOUISE EKSTEEN



"DRUPPELS VIR DIE DORS"

Kanselkleed vir reeks oor Geestelike Gewoontes: "Druppels vir die Dors" gemaak deur Annabelle Koen

KINDERTYD

BELYDENISAFLEGGING - GENEEM DEUR FRIK BUYS

SEMINAAR OOR VERSORGING VAN SENDELINGE

Elspeth Liebenberg, vroeër sendeling in Rusland met haar gesin, het op 28 Februarie vir ons 'n seminaar kom aanbied oor die versorging van sendelinge. Sy is nou Direkteur van Menslike Hulpbronne by Campus Crusade in Suid-Afrika.

Dit was 'n uitstekende aanbieding wat die feit beklemtoon het dat sendeling-versorging se basis in verhoudings lê en dat dit 'n deurlopende proses behels. Elk van die drie fases sluit twee hooffasette in: die wat op die sendeling as mens fokus en dit waarvoor die stuurders verantwoordelik is.

Die voorbereidingsfase sluit keuring, persoonlike voorbereiding, vorming van 'n ondersteuningspan en veld-oriëntasie in. Die op-die-veld-fase bestaan uit kultuuraanpassing, versorging van die sendeling as mens en voortgaande ontwikkeling van die ondersteuningspan. Hertoetrede ["re-entry"], hetsy tydelik of permanent, is normaalweg 'n moeilike en stresvolle tyd vir die sendeling. Stuurders moet verstaan wat die sendeling gedurende die drie fases beleef, sodat hulle die sendeling se behoeftes met groot wysheid en omsigtigheid kan ondervang. Daar is ook gevallestudies bespreek. Wat die seminaar merkwaardig gemaak het, was die talle praktiese voorbeelde vanuit Elspeth se eie ervaring.

Die sendeling, plaaslike gemeente, sendingorganisasie, gemeente op die veld en die res van die ondersteuningstruktuur op die veld is almal betrokke in vennootsskap waar elkeen hul eie unieke rol vertolk en verantwoordelikhede het.

Praktiese aspekte ten opsigte van tuisbesoek, soos die verwelkoming van die sendeling op die lughawe, "debriefing"-geleenthede [wat nie terugvoersessies is nie!], kwaliteit-tyd met ondersteuners, bemoediging en geestelike sorg, is onder andere bespreek.

Sendelinge is strategies in die bereiking van die minder bereikte groepe, maar hul effektiwiteit word baie keer beperk deur onvoldoende versorging. God se droom is die redding van elke mens en gebruik ons daarvoor. Wanneer ons ons sendelinge versorg, help ons dat Sy Koninkryk gebou word. Mag Hy ons getrou maak.

Ilse Terblanche namens die Getuienisaksie

BOSSTORIES

Hard geval, maar hy staan weer op.

Johan kom oorspronklik van Pretoria. Daar was hy vir 20 jaar in die polisie. Hy verlaat die polisiediens nadat 9 van sy kollegas dood is. Party deur self-moord, ander doodgeskiet of dood in ongelukke. Hy het 'n seun en dogter wat in die Kaap is en skei 7 jaar gelede van sy vrou. Na 'n draai in Kaapstad en Hermanus, kom Johan Baai toe - wat volgens hom verreweg die vriendelikste mense het. Tans bly hy in die Bos - skuins oorkant die gholfbaan in 'n plastiekhuis. Hy lewe van die paar rand wat hy kry deur motors op te pas naby die Pollockstrand-kleedkamers.

Hy besluit hy wil 'n sekuriteitswag word en begin die nodige kursusse doen. Dit kos tussen R200 en R400 per kursus en ons help hom om te betaal. Vanaf Oktober 2008 tot Januarie vanjaar voltooi hy die kursusse en wys trots die



vier diplomas. Hy wil aansoek doen vir permanente werk, maar wag al byna 2 maande vir sy sekuriteitsklaring. Hy studeer saans by kerslig en vul daar die take in.

Die staat het nog nie sy pensioengeld, paar honderdduisend rand, uitbetaal nie. Een van ons lidmate help hom daarmee. Intussen is hy ook bereid om huise op te pas in ruil vir slaapplek (met 'n hemelse stort!) en kos. Hy het beslis talent as kunstenaar en maak potloodsketse van diere (sien langsaan). Johan is 'n man wat platgeslaan is deur die lewe maar sonder bedel opgestaan het vir 'n nuwe begin. Hy woon ons dienste by.

Bosbedienaar.

*Name verander om privaatheid te beskerm.

SPIRITUAL DISCIPLINE HANDBOOK

Adele Calhoun ontwikkel hulpmiddels vir gemeentes se "transformerende reis met God". Sy help mense om in hul lewens "ruimte te maak vir God".
Haar sentrale tese is dat die behoefte aan transformasie nie vanself ontstaan nie. Dit is 'n bewys dat God reeds in jou lewe aan die werk is. Daarom gebruik sy die eeue-oue verbintenis tussen dissipline en begeerte om haar innoverende hulpmiddel vir geestelike groei te ontwikkel. Die beoefening van hierdie geestelike dissiplines skep ruimte vir God om ons lewens te verander.
Sy organiseer die dissiplines in sewe kategorieë volgens die akroniem WORSHIP:

- **W**orship God
- **O**pen myself to God
- **R**elinquish the false self and idols of my heart
- **S**hare my life with others
- **H**ear the word of God
- **I**ncarnate Christ's love for the world
- **P**ray to God

Die idee is nie dat jy die The Spiritual Disciplines Handbook van voor tot agter deurlees nie. Adele wil hê dat mense die begeerte na meer in hul lewens ontdek en dan een of meer van die 62 dissiplines in die boek begin beoefen. Elk van die dissiplines word as volg in vier of 5 bladsye beskryf: Eerstens 'n kort opsomming in tabelvorm: die begeerte; 'n definisie, 'n paar Bybeltekste; 'n paar praktyke en die God-gegewe vrug. Dit help jou om die regte dissipline te kies. Tweedens die dissipline self: 'n kort inleiding oor die dissipline; vrae vir reflekse; geestelike oefeninge vir die dissipline; verdere hulpmiddels wat gebruik kan word.
Die boek kan teen R280 by die Kerkkantoor gekoop word.
Chris van Wyk



VERNIET OM TE VAT... IN OORMAAT.

Partykeer gebeur dit dat iets waarvoor jy nie beplan het nie, vlak voor jou deur kom staan en so half uitdagend die uitnodiging aan jou rig: vat my, geniet my, beleef my en maak my deel van jou siel en deel van jou lyf. Moenie gedagtes kry nie.

Dis Sondagoggend en voor ek verder gaan net so 'n stukkie van gisteraand (Saterdagaand): Ek wag vir die laaste gaste om terug te kom en kyk so tussendeur na 'n fliek met die naam "Hurricane". In kort gaan dit oor 'n bokser wat lewenslank tronk toe gestuur is vir 'n moord wat hy nie gepleeg het nie. By die tronk aangekom weier hy om die tronkklere aan te trek, omdat hy daardeur sou erken dat hy skuldig is. Hy trek daarom weg met negentig dae in afgesonderde opsluiting. Met sy gewone klere aan. Hy oorleef. Hy bly die tronkbestuur voor deur hom af te sluit in sy sel en hulle sodoende te verplig om alles na hom toe te bring. Hy begin studeer in die regte en na baie jare kry hy sy saak weer voor die hof en word vrygespreek. Hy verlaat die tronk as 'n vryman, maar toe hy buite die hof kom, ignoreer hy eers die joernaliste en verlustig hom in die sonskyn en ligspeling tussen die wolke en die geboue.

Hoekom vertel ek dit vir jou? Ek, 'n vry man wat elke dag die voorreg het om die natuur in sy volheid te geniet, spoed die meeste van die tyd daardeur. Hierdie ou wat vir die grootste deel van sy lewe vir sy vryheid moes veg en die storie van 'n leeftyd het om te verkoop, ignoreer die skrywers en geniet die natuur, al is dit omsoom met betonstrukture. Hurricane Carter het my laat dink.

Terug by Sondagoggend. Dis skuins voor ses en die son is net besig om sy kop oor die horison te steek. Ek is op die plaas. Die lug hang swaar van die lemoenbloeiselgeur en die vinke by die dammetjie skater asof dit die laaste keer is wat hulle die kans sal hê om 'n nes vir hul geliefdes te bou. Tortelduiwe se rustige gekoer word skerp onderbreek deur die bokmakierie se suiwer hoë note wat 'n sopraan na haar asem sal laat snak. My uitkom op die balkon laat die Hadidas skuins onder my verskrik wegskater met 'n hees geskreeu wat die vinke waaksaam stil maak. En dan begin dit weer, 'n voëlsangkoor wat sê: die natuur lewe.

Intussen is die son besig om sy eie skildery te begin verf. Versigtige sagte kwashale oor die skakeringe van die reënboog. Die skerp oranje van die reuse fiddlewood breek uit teen die diep groen van die Beefwoodlaning. Dis so amper asof hy wil sê "ek is eerste..." En soos die groene groei van lig na donker kan jy, as jy mooi kyk, die pragtige bruingeel handpalmvormige geelbruin blomme van die silwereike sien wat nog halfskaam die suikerbekkies en die hoep-hoepe en die bye nader nooi om van hulle nektar te kom geniet. Die sitrusbome se groen word soos deur 'n donskombers oortrek met 'n bloeisel wit kleed en elke boom spog in die wete dat daar binnekort gewerk gaan word aan die grootmaak van heerlike vrugte. Die son druk die skaduwees onder die bome uit en die tuinblomme tel hulle koppe op. 'n Kleureprag en asof dit 'n teken is, begin die eerste skoenlappers van blom na blom wip en al etende onwetend die bestuiwingsproses aan die gang sit.

En so het hierdie dag ongevraagd voor my deur kom staan, uitnodigend uitdagend, vat my, geniet my, beleef my en maak my deel van jou siel en deel van jou lyf.

En net daar het ek besluit om dit te doen. Vandag gaan ek my oorgee aan hierdie uitnodiging. Die gaste is gevoed en elkeen op sy eie spoor, van België na Knysna, van Nederland na Graaff-Reinet en van Duitsland na Kaapstad. En elkeen groet met dieselfde refrein: "Dit was heerlik en wat 'n pragtige plek." En skielik is ek alleen. Die hele plek vir myself. Die son sit so 'n uur en 'n half voor twaalf. So af en toe probeer 'n wolk die glorie van uitbundige kleure versteur, maar dan breek die son weer deur om alles weereens in oormaat te laat pronk.

Ek gryp 'n handdoek en laat die klere waai. Soos 'n wafferse ryk jood trek ek my langs die swembad neer en te

van die gekwetter van die vinke, die roep van die kokkewiet en tiptol, die gekoer van die tortelduiwe en die sagte getjirp van die suikerbekkies, gee ek my oor aan 'n lyflike en sielevreugde, terwyl ek my lyf soos 'n boerewors aanbied aan die behaaglike strale van die son. Die brandende strale word afgewissel deur 'n lawende koelte van verbyskuiwende wolke. En so beleef ek my eerste tan van die somer.

Skielik tref dit my. Dis alles verniet, ek moet net my ore en oë oopmaak en so af en toe die uitnodiging wat so uitdagend voor my kom staan aanneem. Dis die voorreg van mens wees, dis die lekker van mens wees, dis die wonderlike gawe wat ons van die Skepper van die natuur ontvang om verniet ons deel te maak.

As jy tot hier gelees het, wil ek vir jou dankie sê dat ek hierdie belewenis met jou kon deel en dat jy ook van tyd tot tyd voor die wonder van die natuur verstom sal staan.

Vrede en vreugde vir jou.

DISSIPELSKAP

'n Paar jaar terug, toe ek met dissipelskap begin het, het ek besef daar is 'n verskil tussen dissipelskap en gewone Bybelstudie. Alhoewel die twee hand aan hand loop, is daar tog 'n verskil. Bybelstudie sonder dissipelskap beteken vir my niks.

Bybelstudie is 'n kop-ding - jy bestudeer die Bybel en dit is heel moontlik om 'n studie van die Bybel in hierdie leeftyd te voltooi. Dissipelskap is 'n hart-ding, 'n doen-ding - dit vra jouself - daar is nie afstand nie. Dit word 'n lewenswyse. Dit is nie iets wat in hierdie leeftyd afgehandel en voltooi kan word nie.

Jesus sê self in Matt 16:24-25 wat dissipelskap is: *As iemand agter My wil aankom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terug kry.* In Joh. 15:5 sê Jesus ook vir ons hoe dit moontlik is: *Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.* In Ps 119 sê die Psalmdigter oor en oor dieselfde ding: *God se wet, sy verordeninge en bepalings is goed en reg. Hy vra ook aanmekaar insig om dit te verstaan.*

Dis wat dissipelskap is - vra oor en oor na God se wil en na insig om sy Woord te verstaan en te weet wat sy wil is. Ook dat Hy ons harte sal beheer, want die Spreuke-skrywer sê in Spreuke 4:23 *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.* Al hierdie dinge moet jy gedurig doen - dissipelskap word 'n lewenswyse.

Anoniem

Die Gawe van Gebed

O Heer, ons dank U vir die gawe wat U aan ons verleen
Deur die offer van Jesus Christus en die voorhangsel heen.
Soos Paulus aan die voete van Gamaliël kon sit,
Ons deur genade voor U troon tot U ons Heer kan bid.
Ons weet ook glad nie hoé of wát ons van U behoort te bid
Maar in ons swakheid kom U Gees en neem van ons besit.
Hy pleit met diep versugtinge wat sonder woorde U bereik,
En U wat harte kan deurgrond, weet ook vir wie Hy pleit.
Help ons dat ons gebruik sal maak van hierdie wondergawe
Om voor U troon voortdurend in gebed tot U te nader.
Gee dat ons geesteslewe nie stilstaan, maar steeds groei,
Dat ons U seëninge kan ervaar, wat deur U tot ons vloei.
(N.a.v. Romeine 8:26-28)

Ek weet wat Ek vir julle beplan,
sê die Here:
voorspoed en nie teenspoed nie,
Ek wil vir julle 'n toekoms gee,
'n verwagting!
Jeremia 29:11

A.E. Linde

Posadres: Posbus 32050, Somerstrand 6019
Straatadres: Louis Bothasingel 77
Kantoorure: Maandag tot Vrydag 09:00-13:00 & 14:00-16:30
Bankbesonderhede:
ABSA PE reknr. 01008731388 (Tjekrek.)
Epos: ngksomer@global.co.za
Tel: 041-5835115
Faks: 041-5831788
Webtuiste: www.ngkerksomerstrand.co.za